SOUTH-AFRICAN-PUBLIC-LIBRARY
14 AUG 1945

Kom besoek ons nuwe winkel voordat u elders gaan inkopies doen!

Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PRO ECCLESIA-GEBOU

# DIE Matie

BESTE DIENS
vir
FIETSE, RADIO'S ENS.
is
nog verkrygbaar
by
H. VILJOEN
PLEINSTRAAT

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL V, No. 16. VRYDAG, 10 AUGUSTUS 1945. Prys 1d.

# P.S.O.-NAWEEK IS HIER! . . .

## KOM ALMAL EN GENIET

Hierdie naweek sal alle Stellenbossers die geleentheid hê om mee te doen aan 'n uitstekende P.S.O.-dinee, na die Stadsorkes onder die stok van dr. W. J. Pickerill te luister, asook na die beroemde sopraan, Albini Bini; Saterdagoggend 'n vendusie soos min by te woon, en om Saterdagaand lekker te kom dans! — in geselskap van die mooiste nooi as u wil! . . . . .

As daaraan gedink word dat alle gelde wat ingesamel word gaan vir die P.S.O-Leningsfonds, — 'n fonds wat in die afgelope vier jaar oor 'n £1,000 uitbetaal het aan verdienstelike en behoeftige studente — dan is die gulhartige ondersteuning van elke Stellenboschse student nie te veel om te vra nie! En, wat aangebied word, belowe van die allerbeste te wees — soos ons van P.S.O. kan verwag.

Vrydagaand om 5.45 n.m. is daar die Dinee in die banketsaal waarna die Kaapstadse Stadsorkes om 8 n.m. in die stadsaal optree — met Albini Bini as soliste. En wie weet nie dat die Stadsorkes uitstaande programme lewer nie? Wie Albini Bini al hoor sing het, sal die kans om haar weer te hoor nie laat verbygaan nie — hoeveel te meer nie die wat haar nog nie gehoor sing het nie! Ons voel dankbaar teenoor P.S.O. dat deur sy toedoen die Kaapstadse Stadsorkes hier op Stellenbosch kom optree. Hierdie geleentheid kan gerus deur elke Stellenbosser gretiglik te baat geneem word.

Saterdagoggend is dit vendusie! Hier het die Stellenbosse jeug die geleentheid om te kom jolyt hou soos min! A. B. de Villiers tree as afslaer op. Vanaf 'n paar dameskouse (en wat daarop volg) tot 'n pik en 'n graaf word hier te koop aangebied. Enigeen kan die besitter word van wat hier aangebied word, en dis voorwaar iets om na uit te sien. Mej. E. Lutz van Monica het al reeds 'n aandrok van £20 losgeslaan d.m.v. die gewigoptel-kompetisie. Sy het slegs 2/- betaal vir die aandrok — die vernuf om die gewiggie te skat kan u dalkies ook besit! Mej. H. Mynhardt van Sonop is tweede waarvoor sy 'n rok van oor die £10 kry! En here, op dieselfde wyse word 'n pak van £11 en ook 'n jas uitgeloot — al verskil is dat die lootjies vir die here slegs 1/- kos! Hier is nou u kans! Un het tot Saterdag hierdie gulde geleentheid. — Lyste i.v. hiermee is in omloop. Dit is maar een van die kompetisies. — Kom Saterdag en kom kyk self!

### DONASIES!

Alle besighede wat maar enigsins kon het donasies aan P.S.O. geskenk. So het die Eikestad-Winkel die pakklere en die jas wat op die spel is geskenk en het mej. E. le Roux & Lillian die rokke geskenk. As die besighede P.S.O. so ondersteun, hoeveel te meer nie u — lede van ons eie Alma Mater — nie. En onthou: Non-P.S.O.-lede, professore en lektore, u is ook lede van ons Alma Mater.

Saterdagaand word P.S.O.-naweek afgesluit met 'n Dans in die Stadsaal. Die orkes wat optree spreek vir homself.

P.S.O. reken op u — u kan op P.S.O. reken vir die waarde van elke pennie, nee, vir baie meer as net die waarde.

Kom almal en geniet saam P.S.O.-Naweek.

## BESOEKERS SLAAN VOET

'n Paar weke gelede was op Stellenbosch 'n konferensie van afgevaardigdes van verskillende Universiteite gehou om die inter-universitêre verhoudinge op die gebied van die Atletiek te bespreek soos dit die Afrikaanse Atletiekbond raak. Afgevaardigdes van al die universiteite was byeen en hierdie plaaslike politieke S.V.R. moes as gasheer optree.

Toe die konferensie, waaraan ook dosente deelgeneem het, dan nou verby was, was die gaste blykbaar aan hulle eie lot oorgelaat. Een van die plaaslike dosente moes toevallig dorp-toe gaan en hy ry by die amptelike verteenwoordigers van die ander universiteite verby waar hulle besig is om self met hul tasse aan te sukkel stasie-toe. Die dosent het natuurlik dadelik gesien dat dit vreemdelinge is en hulle opgelaai.

So gaan dit as 'n S.V.R. net in partypolitiek belangstel. Wat van die Alma Mater se prestige by ander universiteite word, is glo van minder belang.

## O.B.-DAG 'N REUSE SUKSES!

## Skitterende Prestasie Verdien Lof!

'n Pragtige gees — 'n egte boeregees — gekenmerk deur die hartlikste samewerking onderling, puik organisasie deur dames — jong nôientjies en ou tannies — en mans wat onbekende ywer aan die dag gelê het in al hul handel en daarby onderdanig aan strenge gehoorsaamheid — dit alles, en nog meer het daartoe meegewerk dat O.B.-dag, verlede Saterdag, 'n reuse sukses was.

Die dorpskommando het 'n netto bedrag van £560 ingesamel — 'n bedrag wat voorlopig is en nog heel moontlik heelwat sal aangroei. Hierdie som vergelyk baie gunstig met die van verlede jaar, wat 'n netto bedrag van £520 was.

### Die Basaar

Die indrukwekkende vlaghysing tesame met die openingswoord deur mev. genl. Du Toit het al dadelik daarop gedui dat groot dinge verwag kon word — en so was dit. Besoek deur nie alleen 'n groot aantal van die publiek nie, maar mense wat gekom het met die doel om te ondersteun, was die verskillende tafels die oggend met die basaar algou leeg verkoop. Die heerlike koek — hoeveel wou nie nog lemoentert hê lank nadat daar nie meer was nie?— lekkers e.a. geregte het sommer groot aftrek gekry. Die handgemaakte artikels deur O.B.-lede wat van oorspronklikheid en behendigheid getuig het, asook die mooi naaldwerk deur die dames behartig, was ook gou-gou uitverkoop.

In die banketsaal het die orkes, wat werklik veel lof verdien, die basaargangers op egte boeremusiek trakteer. Voeg hierby nou die flinke bediening van lewenslustige lede asook die geurige eetgoedjies en verversings wat bedien is, en jou hart kon nie meer begeer nie.

Die middagmaal in die banketsaal het sprekende bewys gelewer van wat goeie organisasie, flukse tannies en nôiens en flinke bediening kan bereik. Die eetmaalgangers is op noemenswaardige wyse trakteer!

### Die Aand

Die aand in die stadsaal was sekerlik die kroon van 'n algenoeglike dag. Kenmerkend was die pragtige, gesellige en lewendige atmosfeer wat tewens die hele dag geheers het! Dit was die aand werklik genoeglik om die groep Afrikaners in so 'n aangename atmosfeer vergader te sien. Die strenge orde en dissipline wat deurgaans gehandhaaf is, het daartoe meegewerk dat hierdie gesellige verkeer, nooit ontaard

(Vervolg op bls. 4, kol. 3)

## Program Vir P.S.O.-Naweek

**VRYDAG, 10 AUG.:**

5.45 n.m.: Dinee — Banketsaal.

8 n.m. (stiptelik): Stadsorkes (dr. W. J. Pickerill) en Albini Bini (Sopraan.

Programme word by die deure verkoop.

Nommers van Wagner, Weber, Strauss e.a. word gelewer!

**DR. CON DE VILLIERS SÊ:**

„'n Uitstekende program! Wat wil julle beter hê?"

N.B. — Kaartjies by C.S.V.-Boekwinkel en die aand by die deure verkrygbaar.

**SATERDAG, 11 AUG.:**

10 v.m.: Opening van vendusie. Afslaer: A. B. de Villiers.

**ARTIKELS TE VERKOPE:**

O.a.: Kameraspoele, komberse, sandale, skoene, dasse, toiletware (dames en mans), lere, grawe, ens., ens.

*KAFEE:*

Koffie, tee, koeksisters, ens., ens.

*SPELETJIES:*

Kom toon u vernuf en wen baie vir 3d.

Musiek om u in stemming vir die fees te bring.

7.30 n.m.: P.S.O.-Dans in Stadsaal. Bor-Hurtois-orkes.

Besoek DIE UITSPAN
Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop - - - -
DIE UITSPAN is 'n besoek werd!

*Die Jongste Werk van C. M. van den Heever*

**KRINGLOOP VAN DIE WINDE**

(Prys 10/6)

Die boek bevat drie Novelles

***1. Ariel se Afskeid***

Die verhaal van 'n eenvoudige skaapskeerder wat tot welvarendheid kom maar deur 'n ramp oorval word en na die eensaamheid terugkeer.

***2. Vyand***

Die botsing tussen twee broers gedurende die Rebellie. Dramaties uitgebeeld in 'n vorm wat onbekend in Afrikaans is.

***3. Die Ontwaking van Jacques Duvenhage***

'n Sielkundige afbeelding van 'n jong onderwyser se hartopflikkering van roem as gevolg van sy digterskap . . . . en daarna geestelike ondergang.

●

Ook ontvang:

***Verkeerde Liefde***

Ella Eloff van der Walt (Prys 6/6)

***My Tweede Vryheidstryd***

Herinneringe van P. C. Joubert deur H. J. C. Pieterse (Déki) (Prys 8/-)

***Die Onterfdes***

Holmer Johanssen (Prys 7/-)

●

**DIE C.S.V.-BOEKHANDEL**

Pleinstraat, Stellenbosch

**Die Plaza**

Foon 0013

●

***THE THIN MAN GOES HOME***

WILLIAM POWELL

MIRNA LOY

VRYDAG en SATERDAG

***10 en 11 Aug.***

Matinee Saterdag

***WEET U?***

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

***DIE MATIE***

Alle Korrespondensie aan:

DIE REDAKSIE,
„DIE MATIE,"
Posbus 197,
STELLENBOSCH.

Deel V. 10 Aug. 1945. No. 16.

## DIE P.S.O.

Elke student wat privaat loseer het, was seker ingenome met die gedagte aan 'n eie huisorganisasie waarin al die sutdente wat nie die voorreg het om in 'n groot koshuis die spangees en samehorigheidsgevoel te ontwikkel nie, saamgebind kon word. Die Privaat-Studente-Organisasie het dan ontstaan om in hierdie behoefte te voorsien. By al die ander organisasies op Stellenbosch is dan ook hierdie organisasie toegevoeg. Sonder kritiek het dit nie daarvan afgekom nie. 'n Paar jaar gelede toe heftig geskryf en gepraat is oor organisasie op Stellenbosch, is ook na die P.S.O. verwys as oorbodig. Of 'n organisasie se bestaan geregverdig is of andersins, hang natuurlik af daarvan of so 'n organisasie 'n nuttige doel dien.

Indien die P.S.O. sou bestaan alleen vir die naam en niks sou doen om werklik in die praktyk van die studentelewe nuttige diens te verrig nie, sou sy bestaan miskien nie geregverdig wees nie. Toe die P.S.O. egter op die stadium gekom het waar hy omgesien het tot sy eie behoeftige studente en probeer het om hulle tegemoet te kom in die voltooiing van hul studies het die bestaan van hierdie organisasie prysenswaardig geword en die agting en ondersteuning van elke Afrikaner op Stellenbosch verdien. Met die stigting van die P.S.O.-leningsfonds het hierdie organisasie 'n diens vervul wat die dank van die Universiteit en die volk werd is. Die stywing van hierdie fonds is die plig van elke student omdat hy deur so 'n daad sy behoeftiger mede-Afrikanerstudente aanhelp en aldus 'n diens aan sy volk verrig.

Gedurende hierdie naweek sal die P.S.O. probeer om die leningsfonds verder te styf en daarvoor verdien die P.S.O. alle ondersteuning van elke student.

Hierdie poging word gelei deur 'n komitee wat die dank van elke student verdien. Mnr. Jannie van Graan, die Primarius, is tot dusver ywerig bygestaan in die organisasiewerk deur mnre. Hennie v. Heerden, Fasie Maree, Munro, Japie Bester en mej. Rita Breytenbach. Aan hierdie studente wens „Die Matie" alle sukses toe in hulle poging en hoop dat elke student sy plig sal doen om dit te ondersteun.

# Die Wêreldkrisis deur 'n Britse Bril

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### Deur Prof. J. A. Wiid

Terwyl die „Drie Grotes" en hulle afhanklikes om konferensie-tafels kwansuis besig is om die hoekstene van 'n nuwe wêreldvrede te lê, lyk dit of hulle uitstekend daarin gaan slaag om nie alleen teenoor Duitsland 'n tweede Versailles op te bou nie, in vergelyking waarmee die eerste Versailles slegs kinderspel was, maar om ook onder hulle self die saad van 'n derde wêreldoorlog met verkwistende hand te saai. 'n Mens sal in die amptelike of halfamptelike nuusdienste nie veel lig en inligting vind oor die voortdurend verslegtende verhouding tussen die Angel-Saksers en hulle afhanklikes aan die een kant en ons Russiese bondgenote en hulle satelliete aan die ander kant. Dit is sommige nie-amptelike oorsese tydskrifte van Amerika en Brittanje wat in hierdie opsig mededeelsamer is.

### RUSSIESE GEHEIMSINNIGHEID EN 'N NUWE VYFDE KOLON

Die Konserwatiewe Engelse tydskrif: *Review of World Affairs* geskryf en uitgegee deur Kenneth de Courcy, is veral in sy Mei- en Junienommers baie insiggewend. Hier word sonder om doekies om te draai teen Moskou te velde getrek. Daar word gewys op die „tradisionele geheimsinnigheid" van die Russe wat weinig of niks informasie oor hulle eie land aan die buitewêreld verstrek nie en geen buitelandse propaganda in die Sowjet-Unie of in gebiede wat binne sy invloedsfeer val, toelaat nie. Terwyl die Russiese wêreld vir die buitewêreld verseël is, is die buitewêreld egter geensins vir Moskou gesluit nie; in haas alle lande van die wêreld beskik Sowjet-Rusland oor kommunistiese organisasies of selle wat ywerige propagandiste vir die Sowjet se saak is. Hierdie kommunistiese „Vyfde Kolon", in vergelyking waarmee die sogenaamde Nazi „Vyfde Kolon" van vroeër kinderspel was, is volgens die Engelse blad, 'n ware Trojaanse perd wat van binne-af rysmier en 'n sterk eenheidsfront of volksfront teen Moskou onmoontlik maak.

### „'N KRISIS ONDER DIE GEALLIEERDES"

Daar bestaan dus, volgens die Engelse tydskrif, vandag 'n „krisis onder die Geallieerdes." Stalin sou i.p.v. dankbaar teenoor die Angel-Saksers te wees vir die militêre redding wat hulle hom gebring het, oormoedig geword het as gevolg van sy militêre suksesse teen die Duitsers. Stalin sou die hele gebied, Duitse gebied sowel as nie-Duitse gebied, wat onder sy beheer is, op eie houtjie en volgens sy eie gesigspunt re-organiseer onverskillig wat sy Angel-Saksiese bondgenote daarvan dink. Geen verstandhouding met die Russe lyk dus moontlik nie, aldus die Engelse tydskrif, tensy die Angel-Saksers volledig oorgee (complete surrender) aan Moskou, hulle vroeëre waarborge aan die buiteland en verpligtings aan die eie volk ten spyt. Die tweede moontlikheid is dat die Angel-Saksers 'n ferm standpunt teenoor die Russe inneem en aandring op 'n verandering in die regeringstelsels wat die Sowjet in Oostenryk, Pole, Bulgarye, Suid-Slawië, Albanië, Roemenië en Hongarye in die lewe geroep het; ook moet daar uitvoering gegee word aan die Geallieerdes se planne insake die administrasie van Berlyn, Weenen ens., sowel as die vrylating van alle pro-Britse en pro-Amerikaanse Pole, ens. Ten slotte moet Moskou *onmiddellik waarborge* skenk aan Tsjoengking, aan China, aan Persië en aan Turkye.

Die eerste moontlikheid sou aan die Russe, aldus die tydskrif 'n oorheersende plek in Europa en in 'n groot deel aan Asië gee wat die uitskakeling van Angel-Saksiese invloed as gevolg sou hê. Dit sou Amerika en Brittanje nie kan toelaat nie.

Die tweede moontlikheid sou 'n rusie met Rusland kan beteken en dit na 'n lang oorlog in Europa en voor die oorlog teen Japan beëindig is. Ook hierdie weg lyk dus, volgens die tydskrif, erg gevaarlik. Onder 'n Arbeider-regering is dit feitlik onmoontlik.

Die gevaar is dus dat geen van hierdie weë gevolg sal word nie, dat dinge maar van een krisis tot 'n ander krisis sal ontwikkel, dat Rusland intussen sy kragte sal herstel en gewapen tot die tande sal bly terwyl die Angel-Saksers, uitgeput na hulle oorlog met Japan, sal nalaat (relax) om vir gebeurlikhede voorbereid te wees.

### 'N TROOSTELOSE TOESTAND?

Dit is voorwaar 'n troostelose toekoms wat hierdie tydskrif aan die nie-Russiese wêreld bied. Duideliker kon hy dit nie gestel het nie. Maar dit is nie al nie. Nie alleen is hy erg besorg oor die Russiese magsontwikkeling in die lande wat op die oomblik deur die Rooi Leër beset is nie, maar ook die ontwikkelings en verwikkelings in Suid-Slawië, Griekeland, d.w.s. die Middellandse See en veral in Frankryk is vir hom sorgwekkend. In die huidige Frankryk sien hy troostelose toestande en gevolglik volop ontplofbare materiaal. Daar is vir hom 'n duidelike swenking na links in Frankryk; daar is sedert 1939 baie meer Franse wat hul oë na die Kremlin rig en baie minder wat na die Theems sien. Daar word selfs rekening gehou met Frankryk as 'n soort Sowjet-republiek en met die ongemaklike posisie van die Amerikaans-Britse troepe in Duitsland met die Rooi leër aan die een kant en onsimpatieke Franse aan die ander kant.

### NOG MEER WENSDROME

In plaas dat hierdie Engelse tydskrif hom ook besig hou met Angel-Saksiese mislukkings in hul buitelandse politiek en mede-verantwoordelikheid vir die huidige wêreldkrisis, soek hy troos in wensdrome: Stalin sou dan aan die Ooste, waar daar

(Vervolg in kol. 2)

(Vervolg van kol. 4)

vir hom meer glorie en groter rykdomme te behaal is, hoër waarde heg as aan die Weste; buitendien sou Stalin se aandag deur 'n legio van binnelandse moeilikhede so volledig in beslag geneem word dat hy vir die buiteland nie veel tyd oor sou hê nie. Hierdie wensdrome herinner aan een wat ook veldm. Smuts 'n tyd gelede kwytgeraak het: Rusland sou naamlik 'n *versadigde land* wees wat die res van die wêreld in vrede en rus sou laat. Asof 'n kragtige imperialisme ooit versadigbaar kan wees! Uit eie ondervinding behoort ons Premier beter te weet.

Intussen sit Stalin in Berlyn en Weenen en is die Rooi Diktator meer as 'n nare nagmerrie. Die Russiese Kolos is vir Washington en Londen, maar veral vir laasgenoemde, 'n *aaklige werklikheid* wat nie deur dagdrome uit die wêreld gedoen kan word nie.

## PREEKBEURTE

*12 Augustus*

**MOEDERKERK**

10.30 v.m.: Dr. E. E. van Rooyen.
7 n.m.: Dr. E. F. Kirsten.

**NUWE KERK**

10.30 v.m.: Dr. B. B. Keet.
7 n.m.: Prop. G. S. Möller.

**Rook Springbok-Sigarette**

## Weet U . . .

● Mnr. A. P. Steyn van die Departement vir Fisika het onlangs 'n baie kort en tydbesparende metode uitgevind vir die Kolorimetriese metode — die metode vir bepaling van arseen in vrugte. Sy uitvinding berus op die feit dat 'n groot aantal bepalings vir arseen in die vrugte met behulp van 'n spektograaf op dieselfde fotografiese plaat uitgevoer kan word.

* * *

● Die twee diewe wat onlangs verantwoordelik was vir die reeks inbrake by die koshuise is tot 9 houe met die rotting en 9 maande respektiewelik gevonnis.

* * *

● Dat mej. Ina de Wet, 'n oud-matie, met die ingang van hierdie semester in die plek van mev. Gerdener in die dept. vir Huishoudkunde aangestel is.

* * *

● Mnr. Stephen Eyssen het spesiaal van Heidelberg gekom om die stok te swaai vir die „Bybelkantate" —deur homself geskrywe—wat saam met die „Te Deum" Maandagaand in Kaapstad deur die Universiteits- en die Kaapstadse Groote Kerkkore uitgevoer is. Die koor is afgerig deur dr. G. Cillie, jnr. en mnr. Malan,, orrelis te Kaapstad.

## STUDENTE EN POLISIE WERK SAAM

As gevolg van die onlangse inbrake by Meisieskool-koshuise en Rozenhof het die plaaslike polisie-owerheid die hulp van die studente ingeroep om behulpsaam te wees met die betrapping van die diewe.

'n Klompie Wilgenhoffers was dadelik slaggereed, en onder leiding van mnr. Jaap Weideman het hulle 'n wag gevorm by vyf van die dameskoshuise.

In samewerking met die Wilgenhoffers het ook die plaaslike O.B.-studente-wag opgetree onder leiding van wag-sersj. J. W. Bell. Die goedgeorganiseerde O.B.-wag het 8 dames-koshuise bewaak teen die inbrekers.

Die diewe het ook nie lank op hulle laat wag nie, en het baie manhaftig die ou hospitaal by Huis-ten-Bosch binnegestap. Ongelukkig vir hulle was daar twee van die O.B.-wagte op diens, en is hulle agterna gesit deur wag-sersj. Bell en mnr. L. Filmalter. Die inbrekers het hulle egter uit die voete gemaak, dog een van hulle is deur mnr. R. Loubser, 'n Dagbreker wat toevallig in die nabyheid was, ingeloop en gevang. Die dief se maat is later deur die polisie in hegtenis geneem.

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

Vir die maak van u volgende
O Paar Sandale
O Stewels
O Skoene
BESOEK
LUBBE
EN SEUN
die deskundige skoenmakers en repareerders
Foon 440

## SCHUMANN (1810-1856)

Schumann lewer vir ons die beste voorbeeld van die invloed van die Letterkunde op die musiek in die vroeg-neëntiende-eeuse Duitse Romantiek met sy beklemtoning van die gevoelige, die tere en ander wêreldse, en die sug om die werklikheid te ontvlug in 'n idiële skepping van fantasie en droom. Hy was van vroeg af al bekend met die Romantici in die Letterkunde daar sy vader 'n uitgewer en boekverkoper was en self 'n voorliefde gehad het vir die Engelse Romantiek, veral Scott en Byron. Die Duitse skrywers, Hoffman en Jean Paul (Richter) het hom veral beïnvloed en die fantastiese element in hulle werk vind ons dwarsdeur sy werk later.

Robert Alexander Schumann is gebore te Zwickau te Sakse in sterwe te Bonn op ses-en-veertigjarige leeftyd. Oorspronklik bestudeer hy Regte maar sy musikale aanleg neem hom al meer en meer weg van sy studies, en die invloed van die begaafde Wieck, sy musiekmeester en toekomstige skoonvader, was ook net genoeg om hom te oorreed tot 'n verandering in sy loopbaan.

Sy vaardigheid was nie alleen beperk tot komposisie nie, alhoewel hy veral hierop klem gelê het na die verlamming van 'n vinger wat hom genoodsaak het om hom te onttrek van uitvoering. Hy was redakteur van 'n musiektydskrif waarin hy die gehalte van die musiek van sy dae aangeval het, norme probeer vasstel het en ook jong komponiste aan die wêreld voorgestel het, bv. Chopin, en so vir hulle 'n plek verseker het nadat hulle kil ontvang is deur die publiek.

Ongelukkig het sy introspektiewe gees hom lateraan in melankolie laat verval en het hy in één oomblik van ongebalanseerdheid selfs probeer om homself te verdrink. Uiteindelik moes hy ook na 'n gestig waar hy gesterwe het.

Sy werke sluit in werke vir die klavier, 'n taamlike aantal skitterende liedere, baie kamermusiek, koormusiek, vier simfonieë en een klavierkonsert, en dwarsdeur al hierdie werke vind 'n mens die gevoelige sonder oorgevoeligheid. Een kritikus het hom ook die digterlikste van die musici genoem.

## Spore! Welkom!

Op 'n goeie dag, Junie l.l., het daar onder die Afrikanerstudente aan die Universiteit van Witwatersrand 'n Afrikaanse studenteblad vorentoe getree. „*Spore*", het die blad homself genoem en sy eie spore begin trap.

Die Afrikanerstudente van Wits kan geluk gewens word met hierdie poging van hulle, en die Matie roep die nuweling toe: „Welkom vriend! Mag jy 'n wakker Boeregees aanblaas in die geledere van die Wits-studentelewe. Ons staan aan jou sy in die stryd wat jy voer!"

Ons beste wense aan mnr. Coertse wat die redaksie van „Spore" lei.

Die doel van die blad vat die redakteur as volg in sy inleidingsartikel saam:

„Nie alleen grond ons ons bestaan op liefde vir, en getrouheid aan, ons eie nie, maar SPORE streef ook hierdie eienskappe na as die ideale rigting van die eerste onafhanklike studenteblad van Afrikaansgesinde studente van die Universiteit van die Witwatersrand!"

## Onder Onsies

Mnr. Christo van der Spuy van die Laan kon Dinsdag terugkeer van die hospitaal vir aansteeklike siektes en is vinnig besig om te herstel.

* * *

Mej. Susanna Myburgh van Huis de Villiers vier vandag haar mondigwording.

* * *

Mej. Dorothy van Blommenstein het verlede Donderdagaand in 'n besonder gesellige en huislike atmosfeer tussen familie en vriende haar mondigwording gevier. Bun Booyens het die heildronk ingestel en mnre. Oosie Oosthuizen en Jan Horn was ook onder die gaste op te merk.

* * *

Mnre. J. W. Postma en J. Krige het teruggekeer van Johannesburg, waar hulle 'n kursus bygewoon het in die Wetenskaplike Metodes vir Navorsing in Liggaamsopvoeding.

MATIES!
Netheid Tel Baie!
Ons Tik- en Afrolwerk
sal u help.
VERTAALBURO, Stellenbosch
Dorpstraat, Posbus 180.
(Foon 486)

Alfred Blommaert
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

„FLORA"
BLOEMISTE
Plukblomme, Ruikers, Kranse, Skouerruikers, Geskenkmandjies, ens.
Pleinstraat — Stellenbosch

HET U AL
PLEKKE BESPREEK
VIR VANAAND
SE KONSERT?

Foon 94
Santy se
Bottelstoor
En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.

MATIES!!!
DE CLERK
DIE DROOGSKOONMAKER
GOEIE VINNIGE DIENSTE.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.

Teken In
op
Die Wapenskou

AMERIKAANSE
BOEKE teen
5/- stuk
Boeke oor alle onderwerpe
GROOT BESENDING KUNS- EN MUSIEKBOEKE ONTVANG
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
PLEINSTRAAT — STELLENBOSCH

IS U AL LID VAN DIE A.N.S.?

Rook Springbok-Sigarette

# SPORT

## RUGBY

Nadat ons eerste span ons verlede week so besonder aangenaam verrag het deur Bellville te klop, kom hulle môre teen een van die twee swakste spanne in die kompetisie te staan, nl. Valsbaai. Hierdie span het nog slegs een oorwinning behaal vanjaar en dit was vroeg in die seisoen toe hulle Parow geklop het. Slegs Maitland wat nog geen oorwinning behaal het nie, staan onder hulle op die puntelys.

### Maklike Oorwinning?

'n Mens kan dan ook nie anders as om sonder meer 'n oorwinning, en heelwaarskynlik 'n taamlik maklike oorwinning, vir die Matie-span te voorspel nie. Twee weke gelede nog is Valsbaai 'n kaffcrpak deur Tuine toegedien met 37 punte teenoor nul, en 'n mens kan skaars verwag dat 'n span wat so vér verloor het teen Tuine, die Matie-span in toom sal kan hou as laasgenoemde daardie selfde spel lewer waarmee hulle Bellville so 'n onaangename ontnugtering besorg het.

Die span van Valsbaai sluit geen uitblinkers in nie, en maak staat op 'n paar woelige voorspelers, en hulle kaptein, Jaik-Bleach, 'n goeie senter. Dit is dan ook te betwyfel of hulle enige indruk op die Stellenboschse span sal kan maak.

Dan is daar ook nog 'n moontlikheid dat Wouter Hugo weer môre sal speel en dit sal die voorspelers nog verder versterk, sodat „oubaas Mark" heel moontlik reg is, as hy die wedstryd as 'n goeie ofening vir sy span bestempel. Inderdaad is dit die laaste kans wat hy sal hê om proefnemings te maak voor die taai wedstryd teen Paarl en Union wat voorlê.

Tog is 'n wedstryd nooit gewen voor die eindfluitjie geblaas het nie, en die Matiespan sal moet hard speel om 'n oortuigende vertoning te lewer.

* * *

Die oorwinning wat Union verlede week met drie punte teen nul oor die Paarl behaal het, maak die kompetisie om die Groot Uitdaag-beker weer besonder interessant. Paarl, wat nog die voorlopers bly, het egter nog net een punt meer as Union wat tweede staan op die puntelys. Die span wat tans in die beste posisie skyn te wees om berekeninge omver te werp, is Tuine. As hulle Bellville Saterdag kan klop, sal hulle 'n groot gevaar wees vir die voorlopers, veral daar hulle tans onverbeterlik speel.

## HOKKIE

### MANS

Die Matiespan het verlede week met 10 doele teen een teen Brooklyn gewen. Hierdie besonder hoë telling was darem nie alleen te wyte aan die puik samespel van ons mansspan nie, maar ook aan die feit dat die vlieëniers vroeg in die wedstryd hulle doelwagter verloor het. Teen dié end van die tweede helfte was die afgematte verdedigers darem nie meer bestand teen die kwaai aanvalle nie en doele is vinnig aangeteken deur die tuisspan.

Met rustyd was die telling 4 — 1, sodat die Maties in die tweede helfte ses doele geslaan het. Die doele is aangeteken deur Combrink (1), Strasheim (5), Malan (2) en Lamprecht (2).

Môre, egter, is weer die groot dag, vir die hokkie wanneer al 5 spanne hul kragte gaan meet teen Ikeys op Groote-Schuur. Daar heers groot entoesiasme onder die spelers vir die tweede hokkie-Intervarsity van die jaar en te oordeel na die gehalte spel wat in die afgelope paar weke gelewer is, is daar goeie hoop om die bordjies te verhang.

* * *

Die W.P.-span wat deelgeneem het aan die interprovinsiale hokkietoernooi vir mans, het sesde geëindig op die finale puntelys. Dertien spanne het deelgeneem aan die toernooi, wat gewen is deur een van die vier Transvaalse spanne wat ingeskryf het, nl. die Transvaal Sebras. Daar sal onthou word dat die Matiespan twee verteenwoordigers in die W.P.-span gehad het, nl. Steyn en Jack Uys.

## NETBAL

Môre word die eerste wedstryd van hierdie kwartaal gespeel teen Handelskool, Paarl, op hulle veld. As 'n mens moet peil trek op die vertoning wat die spanne in die vorige wedstryde gelewer het, skyn alles rooskleurig te wees vir 'n Matie-oorwinning. Tot dusver het die Maties hul goed van hul taak gekwyt, en die vooruitsig om weer 'n keer die beker te verower, is goed.

### TE NAT!

Weens die swaar reënval kon geen wedstryde vir die Dames-hokkiespanne vir verlede naweek gereël word nie.

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

— nie kón ontaard het nie. Die bediening dwarsdeur die aand was puik en verdien lof. Die sykraampies, waaronder die dolosgooier en vele ander, die verskeie pragtige items wat gelewer is, die aangename volkspeletjies — onder orkesbegeleiding — ja kortom, die hele program van die aand, was werklik iets moois en iets wat nog lank op Stellenbosch onthou sal word!

Die O.B.-dag van 1945 was 'n genot vir een en almal wat die verrigtinge bygewoon het en vanuit finansiële standpunt gesien 'n groot sukses, soos blyk uit die oor die £40 meer wat ingesamel is as verlede jaar.

# In Die Sport-kring

Duvenhage, die puik senter van Noord-Transvaal, het sonder twyfel nie vandag sy weerga in die land nie. Een kenner het verklaar dat hy ongetwyfeld beter is as enige wat ons land in 1937 of '38 gehad het en dat Hannes de Villiers, sy spanmaat en bekende oud-Matie, nie vér by hom terug hoef te staan nie. Die een vleuel van Noord-Transvaal is Botha, wat in 1943 alhier saam met Frans Krone in die puik O.19A-span gespeel het.

* * *

Jimmy Wilde is seker die grootste wonderwerk wat ooit bokshandskoene aangetrek het. Sy gewig was skaars 100 pond. Hy het aan 864 gevegte deelgeneem, en net 4 daarvan verloor! In die jaar 1912 het hy in sy eerste beroepsgeveg opgetree teen Billy Padden. In 1921 is sy lang loopbaan as bokser beëindig, en ongelukkig vir hom moes hy die onderspit delf teen Pete Herman. Hy het hom dapper verweer teen lasgenoemde totdat hy deur 'n tegniese uitklophou oorwin is.

* * *

Dean Cromwell, die baas-afrigter van V.S.A. se atlete, kan terugkyk na 25 jaar van sukses! Hier volg kortliks 'n opsomming van sy prestasies as afrigter: 17 Olimpiese kampioenskappe van die V.S.A., 39 Interkollege-kampioenskappe op 13 byeenkomste van die I.C.A.A.A.A. verwerf, 30 Nasionale Kollege-kampioenskappe op 16 byeenkomste van die M.C.A.A. behaal, die Interkollege-beker nege keer uit 13 pogings gewen, die Nasionale Kollege-beker 11 keer uit 16 pogings verower, die Stille Oseaankus-beker 12 keer uit 15 pogings gebuit en die houer van 13 wêreldrekords van tyd tot tyd! Voorwaar 'n prestasie, nê!

* * *

Arne Anderssons en Gunder Hägg het Maandag in White City deelgeneem aan 'n atletiek-byeenkoms. White City het nog nooit sovee skare gehad as op dié byeenkoms. Oor die 50,000 toeskouers was teenwoordig en hulle het selfs en plek deur 'n heining gebreek (of liewers gebars) toe die hekke gesluit is. Gunder Hägg het dan ook weer by hierdie geleentheid 'n nuwe Britse rekord van 9 minute 0.6 sek. vir die 2 myl opgestel! Sy tyd is 2.6 sek beter as die Britse rekord.

* * *

Die vroue-dubbelspelkampioenskap van die Bolandse Pluimbal Unie is onlangs afgehandel op Stellenbosch, en is deur mevr. C. Beste en mej. J. Lategan albei van Van der Stel, gewen.

## DIE VOORTREKKERS

### Andries Pretorius

Bevele Vlok:

Al die spanlede kom om 6.30 n.m. by Groepkamer bymekaar. Bekruip aand is gekanseleer! Almal moet teenwoordig wees, daar Oom Nic vir ons baie belangrike werk het om te doen. Diegene wat uniforms het trek dit aan — ander kom in siviele klere.

## KENNISGEWING!

Alle artikels vir plasing in die „Matie" moet Vlok Delport, van Riebeeckstraat, of J. Koornhof, Prima, nie later dan Dinsdag-middag om 2.00 nm. bereik nie!

Dankie,

Die Redaksie,
DIE MATIE.

PROBEER
ons
VERKOUE- EN INFLUENSA-GENEESMIDDEL
2/6 per Bottel
JOERNING en SEUN (EIEND.) BPK.
Foon 24
GESTIG 1850

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE KWV DRUIWESAP
Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

HENDRIKZ
(Foon 95)
Vir ELEKTRIESE BENODIGHEDE, RADIO en alle Elektriese Reparasies
(Langs Voortrekker Apteek)
ANDRINGAST., STELLENBOSCH

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in WORS en VLEIS vir BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

ONDERSTEUN ADVERTEERDERS

SIEN ONS UITSTALLING VAN
Pragtige Warm Wol Serpe
gemaak van
Kynoch Viyella Tweeds
Ook 'n groot reeks
Scotch Tartans
Het u al u HARRIS TWEED Sportbaadjie gekry? Gemaak deur REX TRUE-FORM.
Voorrade Beperk
Gebrs. DE WET
Foon 20 STELLENBOSCH Bus 21